Die Voorbereide Plek

Uittreksel van Pastoor Neser se preek: B230 Eng/Afr.

Skriflesing uit 2 Tim. 4: 6-22

Kernvers: 6 – 'Want ek word alreeds as 'n drankoffer uitgegiet, en die tyd van my heengaan is naby.'

Wanneer ons na die lewens van daardie mense van die eerste kerk kyk, dan is daar een uitstaande kenmerk nl. dat hierdie mense in hul harte en gemoed reeds oorwinning oor die dood gehad het.

Die dood het vir hulle geen verskrikking ingehou nie. As gevolg van hul getuienis en die toestand van hul lewens in daardie tyd, het hulle werklikwaar hand aan hand met die dood saamgeleef. Ons kan ons beswaarlik indink in hul situasie.

Hulle was daagliks met die marteldood gekonfronteer en hul lewens was niks werd nie. Maar in hul harte was hulle oorwinnaars! God, Sy Woord, Jesus hul Verlosser en die ewigheid was vir hulle 'n werklikheid.

Hoe meer ek hul lewens bepeins in die lig van ons huidige omstandighede, dan is dit die las van my hart geliefdes, dat ons waarlik sal wakkerskrik! En dat ons onsself sal afvra: besef ek wat ek glo? En waarom?

Het ek die oortuiging van die ewigheid en dat dit waar is wat Jesus gesê het dat wie in Hom glo sal nooit sterwe nie? Dat ek in my hart glo en weet dat as Jesus waarlik in my hart kom woon het, dan kán ek nie sterwe nie?!

Daarom kon Paulus vir hulle gesê het: Die tyd van my heengaan is naby (nie die einde van sy bestaan nie) maar die tyd van sy vertrek na 'n beter plek! 'n Reis na 'n wonderlike land van die heerlikheid van God se Teenwoordigheid saam met Jesus Christus!

Hierdie gesindheid en visie het die lewens van hierdie mense gekenmerk. In ons beskermende lewens wat ons lei, kan ons nie begryp waste lewens hierdie mense gelei het nie – hulle het gevaarlik gelewe.

Dit was een van die geheime van die wonderwerke wat daagliks uit hul lewens gevloei het. Het u al vir uself die saak uitgemaak of Christus vir u waarlik 'n werklikheid is? Het u 'n verlange om by Hom te wees?